

OORSIG VAN DIE NASIONALE REKENINGE¹ VIR DIE JAAR 1964

deur

B. P. GROENEWALD

Bruto volksproduk

Gesien in die lig van die toenames in die bruto volksproduk gedurende die twee voorafgaande jare, het die volkshuishouding weereens 'n merkwaardige prestasie gelewer deur 'n verdere toename van nie minder nie as 10.6 persent in die bruto volksproduk in 1964 te behaal. Die bruto volksproduk het naamlik toegeneem vanaf R6,671 miljoen in 1963 tot R7,376 miljoen in 1964, d.w.s. met R705 miljoen, vergeleke met R583 miljoen of 9.6 persent en R498 miljoen of 8.9 persent in 1963 en 1962 onderskeidelik. Hierdie aansienlike toename in die bruto volksproduk in 1964, was die gevolg van stygings in die toegevoegde waarde van alle bedryfstakke. Die grootste stygging, nl. nie minder nie as 18 persent, het voorgekom in die bydrae van private fabriekswese tot die netto binnelandse produk, gevolg deur toenames van 15 persent in die private finansies, 12 persent in die handel en 11 persent in die vervoerwese.

Aangesien bestaande syfers teen heersende pryse uitgedruk is, kan hulle egter nie as 'n getrouwe aanduiding van ekonomiese groei gedurende 1964 beskou word nie. Vir die meting van werklike of reële ekonomiese vooruitgang, moet die invloed van prysveranderings uitgeskakel word om die gegewens direk vergelykbaar met die voorafgaande jare se syfers, ook teen konstante pryse, te maak. Besonderhede van die besteding aan die bruto binnelandse produk, uitgedruk teen 1958-pryse, word in tabel 1 aangetoon.

Tabel 1. Besteding aan die bruto binnelandse produk teen 1958-pryse
(R miljoene)

1. Persoonlike verbruiksbesteding
2. Owerheidsbesteding aan goedere en dienste
3. Bruto binnelandse kapitaalvorming
4. Bruto binnelandse besteding
5. Uitvoer van goedere en nie-faktordienste
6. Min: Invoer van goedere en nie-faktordienste
7. Besteding aan die bruto binnelandse produk
8. Netto faktorinkome van die buiteland
9. Ruilvoetaansuiwing
10. Bruto volksproduk of besteding

1) Die nasionale rekeninge van Suid-Afrika verskyn in tabel XXXI van hierdie *Kwartaalblad*, terwyl meer besonderhede omtrent die bruto binnelandse kapitaalvorming in tabel XXX aangetoon word. Vir doeleindes van die nasionale rekeninge word Suid-wes-Afrika en die Britse Protektorate by Suid-Afrika ingesluit.

Uit die gegewens in tabel 1 blyk dit dat die reële bruto volksproduk in 1964 met ongeveer 6.6 persent toegeneem het, vergeleke met 7.5 en 7.0 persent in 1963 en 1962 onderskeidelik. Indien verder vir 'n toename van ongeveer 2.4 persent per jaar in die bevolking voorsiening gemaak word, het die reële volksproduk per hoof van die bevolking met 4.5, 5.0 en 4.1 persent gedurende 1962, 1963 en 1964, onderskeidelik toegeneem. Hierdie koerse van toename dui op 'n relatief vinnige stygging in die ekonomiese welvaart per capita, maar die reële syfers moet met groot omsigtigheid vir die doeleindes van welvaartsvergelyking gebruik word, aangesien geen voorsiening vir faktore soos vrye tyd, verandering in smaak en inkomeverdeling, ens., gemaak is nie.

Die vraag kan nou gevra word, hoe dan moontlik was om so 'n relatief hoë groeikoers gedurende 1964 te behaal, ondanks die feit dat die volkshuishouding reeds teen die einde van 1963 vinnig 'n toestand van feitlik volledige besetting van beschikbare hulpbronne genader het. Die hoofverklaring hiervoor is dat alhoewel 'n relatief hoë koers van toename in die reële bruto volksproduk in 1964 behaal is, die toenames in die reële bruto binnelandse produk, wat 'n maatstaf is van die volume goedere en dienste wat in 'n bepaalde jaar in die geografiese gebied van die land geproduseer is, vir 1962, 1963 en 1964 ongeveer 6.2, 8.1 en 5.8 persent onderskeidelik was, wat aantoon dat daar 'n aansienlike daling in die groeikoers gedurende 1964 voorgekom het.

	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
3,266	3,326	3,521	3,476	3,707	4,038	4,443	
530	528	542	577	668	722	789	
1,109	963	1,082	1,081	1,054	1,278	1,444	
4,905	4,817	5,145	5,134	5,429	6,038	6,676	
1,332	1,525	1,576	1,696	1,794	1,914	1,957	
1,318	1,197	1,341	1,236	1,281	1,529	1,837	
4,919	5,145	5,380	5,594	5,942	6,423	6,796	
-192	-196	-201	-226	-200	-202	-209	
—	9	-20	8	9	-37	8	
4,727	4,958	5,159	5,376	5,751	6,184	6,595	

Gedurende 1962 en 1963, toe werklose arbeidskragte en ander ledige hulpbronne nog in die produksieproses betrek kon word, kon die reële bruto binnelandse produk dus vinnig toeneem, terwyl die groeikoers in 1964 aansienlik gedaal het aangesien die ledige arbeidskragte en ander hulpbronne toe reeds opgeneem was. Die ver-

klaring vir die verskil tussen die groeikoers in die binnelandse en die volksproduk in 1963 en 1964, is dat die ruilvoet in 1963 vir Suid-Afrika versleg het terwyl dit, volgens voorlopige aanduidings, gedurende 1964 effens verbeter het.

Voorsiening en aanwending van goedere en dienste

Een van die uitstaande kenmerke van die nasionale rekeninge gedurende die afgelope drie jaar, is die snelle uitbreiding in die aanbod van en die vraag na goedere en dienste.

ste uitgeoefen het dat pryse veel meer sou gestyg het. Die matige styging in pryse gedurende 1963 en 1964 kan dus in groot mate toegeskryf word aan die vermoë om die tekort aan goedere en dienste deur middel van invoer aan te vul.

Aangesien die stand van die betalingsbalans en die goud- en buitelandse valutareserves, in die afwesigheid van enige noemenswaardige kapitaalinvloeiing, nie soortgelyke groot toenames in invoer in die toekoms kan toelaat nie, sal die koers van toename in die vraag na goedere en dienste aansienlik verlaag moet word om beter tred te

Tabel 2 Veranderings in die totale voorsiening en aanwending van goedere en dienste.

	Rm 1962	Rm 1963	Rm 1964
<i>Voorsiening:</i>			
Bruto binnelandse produk	+471	+586	+722
Invoer: Goedere en dienste	+ 29	+293	+321
Totale voorsiening	+500	+879	+1043
<i>Aanwending:</i>			
Persoonlike verbruiksbesteding	+300	+404	+541
Owerheidsbesteding aan goedere en dienste	+100	+ 90	+ 98
<i>Bruto binnelandse kapitaalvorming:</i>			
Vaste kapitaalvorming	-	+180	+230
Voorrade	+ 13	+ 75	+ 33
Uitvoer: Goedere en dienste	+ 87	+130	+141
Totale aanwending	+500	+879	+1043

Soos uit tabel 2 gesien kan word, het die vraag na goedere en dienste gedurende 1962, 1963 en 1964 met R500 miljoen, R879 miljoen en R1,043 miljoen of 7.1, 11.7 en 12.4 persent onderskeidelik toegeneem. Hierteenoor het die bruto binnelandse produk met slegs R471 miljoen, R586 miljoen en R722 miljoen gedurende hierdie drie jare toegeneem wat 'n tekort van R29 miljoen R293 miljoen en R321 miljoen aan goedere en dienste vir die drie jare onderskeidelik gelaat het. Gelukkig was die betalingsbalanspositie en die stand van die land se goud- en buitelandse valutareserves sodanig dat die tekort deur addisionele invoer aangevul kon word. Gedurende 1964 was hierdie tekort aan goedere en dienste wat deur middel van invoer aangevul was word egter so groot dat dit 'n aansienlike tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans en 'n gevolglike aansienlike afname in goud- en buitelandse valutareserves tot gevolg gehad het. Indien die betalingsbalanspositie en die stand van die goud- en buitelandse valutareserves nie die land in staat gestel het om die tekort aan goedere en dienste aan te vul deur invoer met 23.7 persent en 21.0 persent in 1963 en 1964 onderskeidelik te verhoog nie, sou die oormatige toename in die vraag na goedere en dienste so 'n sterk druk op die beskikbare goedere en dien-

hou met die toename in die bruto binnelandse produk. Stappe om hierdie doel te probeer bereik is reeds deur die fiskale en monetêre owerhede getref.

Soos uit tabel 2 gesien kan word, was private verbruiksbesteding en bruto binnelandse kapitaalvorming gedurende 1963 en 1964 in hoofsaak vir hierdie oormatige toename in die vraag na goedere en dienste verantwoordelik. Een van die hoofoorsake van die snelle toename van private verbruiksbesteding, was die toename in die besteding op duursame verbruiksgoedere wat in 1963 en 1964 met 21.3 persent en 23.8 persent onderskeidelik toegeneem het. Besteding aan nuwe motors het die mees opvallende toenames getoon, nl. 34.2 en 33.5 persent, onderskeidelik. Soos later aangetoon sal word, het die kapitaalbesteding van feitlik al die belangrike ekonomiese sektore gedurende 1964 aansienlik toegeneem.

Verdeling van die volksinkome

Die netto volksinkome teen faktorkoste het gedurende 1964 met R596 miljoen toegeneem vergeleke met 'n toename van R503 miljoen in 1963.

Tabel 3. Verdeling van die volksinkome

	1963	1964	Verandering gedurende 1964
	Rm	Rm	Rm
1. Persone: Salarisse en lone	3,279	3,579	+300
Inkomste uit eiendom*	1,607	1,782	+175
2. Maatskappybesparing	214	320	+106
3. Direkte belasting op maatskappye	391	381	-10
4. Openbare owerhede:			
Inkomste uit eiendom	162	187	+25
5. Netto volksinkome teen faktorkoste	5,653	6,249	+596

* Inkomste uit eiendom bestaan uit winste van nie-geïnkorporeerde sake-ondernehemings en rente- en dividendontvangste van persone.

Soos uit tabel 3 gesien kan word, het nie minder nie as R475 miljoen of ongeveer 80 persent van die toename in die volksinkome aan persone toegekom vergeleke met slegs R335 miljoen of ongeveer 67 persent in 1963. Die toename van R475 miljoen het bestaan uit 'n toename van R300 miljoen in salaris en lone en R175 miljoen in die vorm van verhoogde winste van nie-geïnkorporeerde sake-ondernehemings en rente- en dividendontvangste van persone.

Maatskappybesparing wat in 1963 met slegs R4 miljoen toegeneem het, het in 1964 met nie minder nie as R106 miljoen toegeneem, en is saam met persoonlike inkome verantwoordelik vir feitlik die hele toename in die volksinkome. Die toename in die inkome van owerhede uit hul beleggings, is naamlik gedeeltelik geneutraliseer deur 'n afname in die direkte belastingbetalings deur maatskappye. Laasgenoemde afname is hoofsaaklik die gevolg van die buitengewone hoe invordering van direkte belasting op maatskappye gedurende 1963 as gevolg van die instelling van die lopende betaalstelsel van belastingsinvordering wat tot gevolg gehad het dat nie slegs die lopende aftrekings van 1963 nie, maar ook 'n gedeelte van die normale belastingaanslae t.o.v. die voorafgaande belastingjaar, gedurende 1963 ingevorder is.

Persoonlike inkome

Soos in die vorige afdeling genoem, het persoonlike inkome in die vorm van salaris en lone, winste van nie-geïnkorporeerde sake-ondernehemings en rente- en dividendontvangste in 1964 met R475 miljoen toegeneem vergeleke met R335 miljoen in 1963. By hierdie toename in inkome moet nog 'n verhoging van R9 miljoen in oordragbelettings van owerheidsliggame ontvang en R3 miljoen in lopende oordragte van die buiteland ontvang getel word, sodat die toename in totale persoonlike inkome in 1964 R487 miljoen bedra het vergeleke met R351 miljoen in 1963. Indien die direkte belastingbetalings van die totale per-

soonlike inkome afgetrek word, het die beskikbare inkome van persone in 1964 met R458 miljoen toegeneem vergeleke met slegs R276 miljoen in 1963.

Tenoor hierdie aansienlike toename in die beskikbare inkome van persone, het persoonlike verbruiksbesteding in 1964 met nie minder nie as R552 miljoen toegeneem, met die gevolg dat persoonlike besparing 'n afname van R94 miljoen vergeleke met 'n afname van R131 miljoen in 1963 getoon het. Vir die tweede agtereenvolgende jaar het persone se besteding heelwat vinniger gestyg as die toename in hul inkome en wat dus tot in groot mate bygedra het tot die buitengewone styging in die vraag na goedere en dienste.

Owerheidsinkome en -uitgawe

Na die buitengewone groot toename van meer as 28 persent in die totale ontvangste van owerheidsliggame in 1963, hoofsaaklik as gevolg van die instelling van die lopende betaalstelsel van belastingsinvordering, het die totale ontvangste in 1964 met slegs R110 miljoen of ongeveer 8.4 persent toegeneem. Hierdie toename was grootliks die gevolg van 'n toename van R66 miljoen in indirekte belastings, hoofsaaklik in die vorm van doeane-regte weens die hoër invoer, en 'n verdere styging van R25 miljoen in die winste van staatsake-ondernehemings en rente en dividende op owerheidsbelegging, as gevolg van, onder andere, 'n styging in die lopende oorskot van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

Owerheidsuitgawes op goedere en dienste gedurende 1964 het met R98 miljoen of 11.9 persent toegeneem. Hierdie toename, wat persentasiegewys kleiner is as die toenames wat in die twee voorafgaande jare aangeteken is, kan in hoofsaak toegeskryf word aan 'n styging in verdedigingsuitgawes, die verdere uitwerking van die aansienlike verbetering in salaris- en loonskale wat in 1963 aan staats- en provinsiale amptenare toegestaan is, en aan die normale uitbreiding van ower-

heidswerksaamhede. Saam met die toename van R9 miljoen in lopende oordragte aan huishoudings en R5 miljoen in subsidies, en 'n afname van R1 miljoen in lopende oordragte aan die buiteland, het die totale lopende uitgawes van owerheidsliggame in 1964 met R111 miljoen toegeneem, met die gevolg dat die lopende oorskot van owerheidsliggame min verandering getoon het nl. R285 miljoen in 1964 vergeleke met R286 miljoen in 1963.

Bruto binnelandse kapitaalvorming

Bruto binnelandse kapitaalvorming, wat in 1963 met nie minder nie as R255 miljoen of 22.6 persent gestyg het, het in 1964 met 'n verdere R263 miljoen of 19.0 persent toegeneem. Hierdie toename het bestaan uit 'n styging van R230 miljoen in vaste kapitaalvorming en 'n toename van R33 miljoen in belegging in alle tipes voorrade vergeleke met die vorige jaar. Die styging van R230 miljoen of 18.2 persent in vaste kapitaalvorming is inderdaad merkwaardig, aangesien vaste kapitaalvorming in 1963 reeds met R180 miljoen of 16.6 persent toegeneem het. Van die toename van R263 miljoen in die totale kapitaalvorming, was openbare owerhede vir R47 miljoen, openbare korporasies vir R5 miljoen en private sakeondernemings vir nie minder nie as R211 miljoen verantwoordelik.

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, wat in die verlede in hoofsaak vir die groot skommelings in die kapitaalbesteding deur owerheidsliggame verantwoordelik was, het in 1964 weer eens 'n rol gespeel in die toename van slegs ongeveer 10.9 persent in die kapitaalbesteding deur owerheidsliggame, aangesien die kapitaalbesteding deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens met slegs R16 miljoen toegeneem het vergeleke met R44 miljoen in 1963. Kapitaalbesteding deur die algemene Regering het in 1964 sterk gestyg weens o.a. aansienlike toenames in besteding op besproeiingswerke, waaronder die Oranje-Rivierprojek, terwyl die besteding deur provinsiale administrasies ook verder toegeneem het weens groter uitgawes aan geboue en paaie. Daarteenoor het die besteding deur plaaslike besture slegs 'n geringe toename getoon.

Die kapitaalbesteding deur openbare korporasies het gedurende 1964 met slegs R5 miljoen toegeneem hoofsaaklik omdat 'n relatief hoë peil reeds in 1963 bereik is, en omdat sekere projekte gedurende 1964 afgehandel is. In die lig van die aangekondigde langtermynprojekte van o.a., Yskor, Sasol en Evkom, sal die kapitaalbesteding van openbare korporasies waarskynlik nog vir 'n aansienlike aantal jare relatief hoog bly.

Die besteding aan woongeboue het in 1964 die hoogste peil ooit bereik en was nie minder nie as

R28 miljoen of bykans 23 persent hoër as die vorige hoogtepunte in 1955 en 1960. Die aansienlike druk waaraan die konstruksiebedryfstak in 1964 onderworpe was, blyk duidelik uit die feit dat die waarde van bouplanne goedgekeur in 1964 nie minder nie as 47.1 persent hoër was as die syfer vir 1963. By die interpretasie van die aansienlike toenames in die besteding aan woongeboue sowel as die waarde van bouplanne goedgekeur, moet egter in gedagte gehou word dat die stygings uit twee komponente bestaan t.w. 'n prys- en volumekomponent. Alhoewel die aantal huise en woonstelle voltooi aansienlik toegeneem het, het die boukoste gedurende 1964 ook aansienlik gestyg met die gevoglike groot toename in die besteding aan woongeboue en die waarde van bouplanne goedgekeur.

Die kapitaalbesteding in die landbou het, soos voorsien, min verandering vergeleke met 1963 getoon. Teen heersende pryse het die vaste kapitaalbesteding wel met R2 miljoen toegeneem, maar indien voorsiening vir die aansienlike prysstygings in die koste van geboue en konstruksie en masjinerie en uitrusting gemaak word, het daar in werklikheid 'n daling in die reële bruto vaste kapitaalvorming in die landbou plaasgevind.

'n Verrassende verskynsel in die bruto binnelandse kapitaalvorming in 1964, is die aansienlike toename in die kapitaalbesteding deur die mynwese. Die toename van R20 miljoen in vaste kapitaalvorming, moet toegeskryf word aan 'n gesamentlike toename in die besteding deur ontwikkelende myne en verhoogde uitgawes deur produserende myne met die doel om die omvang van hul produksie uit te brei. 'n Styging in die waarde van diamantvoorraad was vir die grootste gedeelte van die toename in mynvoorraad verantwoordelik.

'n Buitengewone uitbreiding van die fabrieksiese se produksiekapasiteit om aan die vinnig uitbreidende binnelandse vraag na goedere te voorsien, het in 1964 plaasgevind. Vaste kapitaalbesteding deur die fabriekswese het nl. in 1964 met R86 miljoen of ongeveer 40.8 persent toegeneem vergeleke met R33 miljoen of 18.5 persent in 1963. Aangesien 'n groot aantal ondernemings reeds tot aansienlike uitbreidings gebind is en 'n groot aantal nuwe projekte vir die nabye toekoms aangekondig is, is, nieteenstaande die hoë peil van besteding wat reeds bereik is, 'n verdere toename in die lopende jaar in hierdie tipe besteding deur die fabriekswese nie uitgesluit nie. Om tred te hou met die aansienlike uitbreiding in produksie, het die netto belegging van fabriekswese in voorrade ook met R46 miljoen toegeneem.

Die vaste kapitaalbesteding van handel, private vervoer, finansies, ens., het, weens die sterk uit-

breiding van algemene ekonomiese aktiwiteite in die volkshuishouding, ook met R27 miljoen of 19.1 persent gedurende 1964 toegeneem. In teenstelling met 'n toename van R32 miljoen in die netto belegging in voorrade gedurende 1963, het die netto belegging in voorrade gedurende 1964 met R32 miljoen gedaal, wat die netto gevolg was van 'n toename van R2 miljoen in algemene handelsvoorraad en 'n afname van ongeveer R34 miljoen in landbouvoorraad in die handel, en meer besonder in mielieovoorraad.

Alhoewel die toename in veral vaste kapitaalvorming vanaf die helfte van 1963 verwelkom is, het dit gedurende die afgelope agtien maande so sterk gestyg dat dit tans as een van die hoofoorsake van die oormatige druk van die vraag op die beskikbare goedere en dienste beskou word. Om die oormatige druk op die konstruksiebedryfstak, wat reeds teen volle kapasiteit werk, te verlig, is selektiewe boubeperkings reeds ingestel, terwyl die vinnige toename in die aankoop van masjinerie en uitrusting een van die hoofoorsake van die groot toename in invoer, en die daarmee gepaardgaande verslegting in die lopende rekening van die betalingsbalans is. Bruto binnelandse kapitaalvorming wat in 1962 slegs ongeveer 18.5 persent van die bruto volksproduk bedra het, het in 1964 toegeneem tot nie minder nie as 22.3 persent, terwyl netto binnelandse kapitaalvorming as persentasie van die netto volksproduk teen markpryse toegeneem het vanaf 10.3 persent in 1962 tot 14.9 persent in 1964.

Bruto binnelandse besparing

Die bruto binnelandse besparing het toegeneem vanaf R1,530 miljoen in 1963 tot R1,589 miljoen in 1964. Bruto binnelandse kapitaalvorming, daarenteen, het toegeneem vanaf R1,382 miljoen in 1963 tot R1,645 miljoen in 1964 sodat 'n surplus aan fondse van R148 miljoen in 1963 omgeskep is in 'n tekort van R56 miljoen in 1964. Waar die land in 1963 dus 'n netto toevoeging tot sy goud- en buitelandse valutareserwes kon maak asook 'n vermindering in sy netto buitelandse laste kon teweeg bring, het sy netto buitelandse laste wel in 1964 met R49 miljoen verminder, maar slegs ten koste van 'n vermindering van R89 miljoen in sy goud- en buitelandse valutareserwes.

Die toename van R59 miljoen in die bruto binnelandse besparing was die netto gevolg van 'n aansienlike toename van R106 miljoen in maatskappybesparing en R48 miljoen in voorsiening vir waardevermindering en afnames van R94 miljoen in persoonlike besparing en R1 miljoen in die lopende oorskot van owerheidsliggame.

Die afname in persoonlike besparing is die teenhanger van die aansienlike toename in persoonlike verbruiksbesteding.

Samenvatting

1. Die bruto volksproduk het in 1964 vir die derde agtereenvolgende jaar sterk gestyg. Net soos in 1963 was aansienlike toenames in private verbruiksbesteding en in bruto binnelandse kapitaalvorming hoofsaaklik verantwoordelik vir die toename in die bruto volksproduk gedurende 1964.
2. Die reële bruto volksproduk het gedurende 1962, 1963 en 1964 teen 7.0, 7.5 en 6.6 persent onderskeidelik gestyg terwyl die reële bruto binnelandse produk teen 6.2, 8.1 en 5.8 persent onderskeidelik toegeneem het. Hierdie toenames dui op 'n stadiger koers van toename in die reële bruto binnelandse produk in 1964, maar 'n verbetering in die ruilvoet teenoor die buiteland relatief tot 1963.
3. Bykans 80 persent van die *toename* in die volksinkome in 1964 het aan persone toekom vergeleke met slegs ongeveer 67 persent in 1963. Direkte belastingbetalings deur maatskappye wat in 1963 met R137 miljoen toegeneem het, het in 1964 met R10 miljoen gedaal terwyl maatskappybesparing met R106 miljoen in 1964 toegeneem het.
4. Die totale beskikbare inkome van persone het in 1964 met R458 miljoen toegeneem vergeleke met slegs R276 miljoen in 1963. Private verbruiksbesteding daarenteen het in 1964 met R552 miljoen toegeneem met 'n gevolglike daling van R94 miljoen in persoonlike besparing.
5. Weens 'n verdere toename in staatsinkomste en 'n matige verhoging in staatsuitgawes, het die oorskot van alle owerheidsliggame ongeveer konstant op die hoë peil van 1963, gebly.
6. Bruto binnelandse kapitaalvorming, en in besonder die vaste kapitaalvorming, het sterk gestyg in 1964. As 'n persentasie van die bruto volksproduk het dit toegeneem vanaf 18.5 persent in 1962 tot 22.3 persent in 1964.
7. Vir die eerste keer in ses jaar, was die bruto binnelandse besparing onvoldoende om die bruto binnelandse kapitaalvorming te finansier. Die tekort moes uit Suid-Afrika se goud- en buitelandse valutareserwes aangevul word.

REVIEW OF THE NATIONAL ACCOUNTS¹ FOR THE YEAR 1964

by

B. P. GROENEWALD

Considering the increases in the gross national product during the two preceding years, the economy once again achieved a remarkable performance in recording an increase of no less than 10.6 per cent in the gross national product during 1964. The gross national product increased from R6,671 million in 1963 to R7,376 million in 1964, i.e., by R705 million compared with R583 million or 9.6 per cent in 1963 and R498 million or 8.9 per cent in 1962. The substantial increase in the gross national product during 1964 resulted from increases in the value added of all the industrial sectors. The biggest increase, no less than 18 per cent, occurred in the contribution of private manufacturing to the net domestic product, followed by 15 per cent in private finance, 12 per cent in commerce and 11 per cent in transport.

As the above-mentioned figures are expressed at current prices, they cannot be regarded as reliable indicators of economic growth during 1964. For the measurement of actual or real economic progress, price influences should be eliminated to obtain comparability with preceding years. Particulars of expenditure on the gross domestic product, expressed in 1958 prices, are given in Table 1.

From the data in Table 1, it appears that the real gross national product increased by approximately 6.6 per cent during 1964, compared with 7.5 and 7.0 per cent during 1963 and 1962, respectively. If allowance is further made for an increase of about 2.4 per cent per annum in the population, the real national product per capita increased by 4.5, 5.0 and 4.1 per cent per annum during 1962, 1963 and 1964, respectively. These rates of increase point to a relatively rapid rate of increase in economic welfare per capita, but caution should be exercised when using these figures for general welfare comparisons, as they make no provision for factors such as leisure, changes in taste, income distribution, etc.

The question may be asked how the economy managed to achieve such a high rate of growth despite the fact that towards the end of 1963 it had already begun to approach a state of virtually full employment of available resources. The answer lies therein that, although a relatively high rate of increase was achieved for the gross national product in 1964, the increases in the real gross domestic product (which is a measure of the volume of goods and services produced within the geographical territory of the country) were about 6.2, 8.1 and 5.8 per cent during 1962,

*Table 1. Expenditure on Gross Domestic Product at 1958 Prices
(R millions)*

	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
1. Personal Consumption Expenditure	3,266	3,326	3,521	3,476	3,707	4,038	4,443
2. Purchases of Goods and Services by Public Authorities	530	528	542	577	668	722	789
3. Gross Domestic Capital Formation	1,109	963	1,082	1,081	1,054	1,278	1,444
4. Gross Domestic Expenditure	4,905	4,817	5,145	5,134	5,429	6,038	6,676
5. Exports of Goods and Non-Factor Services	1,332	1,525	1,576	1,696	1,794	1,914	1,957
6. Less: Imports of Goods and Non-Factor Services	1,318	1,197	1,341	1,236	1,281	1,529	1,837
7. Expenditure on Gross Domestic Product	4,919	5,145	5,380	5,594	5,942	6,423	6,796
8. Net Factor Income from Abroad	-192	-196	-201	-226	-200	-202	-209
9. Terms of Trade Adjustment	—	9	-20	8	9	-37	6
10. Real Gross National Product or Expenditure	4,727	4,958	5,159	5,376	5,751	6,184	6,595

1) The national accounts of South Africa appear in Table XXXI of this Bulletin, while more particulars of gross domestic capital formation are contained in Table XXX. For national accounts purposes, South Africa is defined to include South West Africa and the British Protectorates.

1963 and 1964, respectively. This indicates a significant decline in the rate of growth of goods and services produced in the country in 1964. During 1962 and 1963, when unemployed labour and other idle resources could still be drawn into the productive process, the real gross domestic

product could increase rapidly, whereas the growth rate declined substantially in 1964 when these resources had already been absorbed. The reason for the difference in the growth rates of *domestic* and *national* product during 1963 and 1964, is that the terms of trade for South Africa deteriorated during 1963 whereas, according to preliminary figures, it improved slightly during 1964.

Total Supply and Uses of Goods and Services

One of the most prominent features of the national accounts during the last three years is the rapid expansion in the supply and demand of goods and services.

As can be seen from Table 2, the total uses to which goods and services are put increased by R500 million, R879 million and R1,043 million

a strong pressure on the available goods and services that prices would have increased much more. The moderate increase in prices during 1963 and 1964 can, therefore, to a large extent be ascribed to the country's ability to supplement the shortfall of goods and services by additional imports.

In the absence of any noteworthy capital inflow, the balance of payments position and the gold and foreign exchange reserves will not permit similar large increases in imports in the near future. The rate of increase in the demand for goods and services will, therefore, have to be reduced substantially in order to keep in step with the increase in the gross domestic product. The fiscal and monetary authorities have already taken steps to reach this goal.

Table 2. Changes in the Total Supply and Uses of Goods and Services

	1962	1963	1964
	Rm	Rm	Rm
<i>Supply:</i>			
Gross Domestic Product	+471	+586	+722
Imports: Goods and Services	+ 29	+293	+321
Total Supply	<u>+500</u>	<u>+879</u>	<u>+1,043</u>
<i>Uses:</i>			
Personal Consumption Expenditure ..	+300	+404	+541
Purchases of Goods and Services by Public Authorities	+100	+ 90	+ 98
Gross Domestic Capital Formation:			
Fixed Capital Formation	-	+180	+230
Inventories	+ 13	+ 75	+ 33
Exports: Goods and Services	+ 87	+130	+141
Total Uses	<u>+500</u>	<u>+879</u>	<u>+1,043</u>

or 7.1, 11.7 and 12.4 per cent during 1962, 1963 and 1964, respectively. Gross domestic product, on the other hand, increased by only R471 million, R586 million and R722 million during these three years, which left a shortfall in total goods and services of R29 million, R293 million and R321 million, respectively. Fortunately, the balance of payments position and the level of the gold and foreign exchange reserves were such that the deficit could be made up by additional imports. During 1964, however, the shortfall in goods and services which had to be imported was so large that it caused a substantial deficit on the current account of the balance of payments and a significant decline in gold and foreign exchange reserves. If the balance of payments position and the level of the gold and foreign exchange reserves had not permitted the country to supplement the shortfall of goods and services by increasing imports by 23.7 per cent and 21.0 per cent during 1963 and 1964, respectively, the excessive increase in final demand would have exerted such

As can be seen from Table 2, private consumption expenditure and gross capital formation were mainly responsible for the big increase in the demand for goods and services during 1963 and 1964. One of the principal reasons for the rapid increase in private consumption expenditure was the increase in expenditure on durable consumer goods, which rose by 21.3 per cent and 23.8 per cent in 1963 and 1964, respectively. Expenditure on new motor cars showed the most pronounced rise, namely, 34.2 and 33.5 per cent during these two years. As will be indicated later, virtually all the important economic sectors increased their capital expenditure substantially during 1964.

Distribution of the National Income

The net national income at factor cost increased by R596 million in 1964, compared with R503 million in 1963.

Table 3. Distribution of the National Income

	1963	1964	Change during 1964
	Rm	Rm	Rm
1. Persons: Salary and Wages	3,279	3,579	+300
Income from Property*	1,607	1,782	+175
2. Corporate Saving	214	320	+106
3. Direct Taxes on Corporations	391	381	- 10
4. Public Authorities: Income from Property	162	187	+ 25
5. Net National Income at Factor Cost	5,653	6,249	+596

* Income from property consists of profits of non-corporate enterprises and interest and dividend receipts of persons.

As can be seen from Table 3, no less than R475 million or approximately 80 per cent of the increase in the national income during 1964 accrued to persons, compared with only R335 million or about 67 per cent in 1963. The increase of R475 million consisted of an increase of R300 million in salary and wages and R175 million in the form of higher profits of non-corporate enterprises and interest and dividend receipts of persons.

Corporate saving, which increased by only R4 million in 1963, rose by no less than R106 million in 1964, and together with personal income accounted for virtually the whole increase in the national income. The increase in the income of public authorities from their investment was partly neutralized by a decrease in direct taxes on corporations. The latter was caused by the exceptionally high collection of direct taxes on corporations during 1963 due to the introduction of the pay-as-you-earn system of tax collections whereby not only the current deductions for 1963 but also a part of the normal tax assessments in respect of the previous fiscal year were collected during 1963.

As indicated in the previous section, personal income in the form of salaries, wages, profits of non-corporate enterprises and interest and dividend receipts, increased by R475 million in 1964 compared with R335 million in 1963. Together with an increase of R9 million in current transfers from public authorities and R3 million in current transfers from the rest of the world, total personal income increased by R487 million during 1964 compared with R351 million in 1963. If direct tax payments are deducted from total personal income, the disposable income of persons increased by R458 million in 1964 compared with only R276 million in 1963.

As against this substantial increase in disposable income of persons, personal consumption expenditure increased by R552 million in 1964,

with the result that personal saving declined by R94 million compared with a decline of R131 million in 1963. For the second year running personal expenditure increased considerably faster than personal income and therefore contributed largely to the extraordinary increase in the demand for goods and services.

Income and Expenditure by Public Authorities

After the exceptionally large increase of more than 28 per cent in the total receipts of public authorities in 1963 owing mainly to the introduction of the pay-as-you-earn system of tax collection, total receipts increased by only R110 million or about 8.4 per cent in 1964. This increase was mainly the result of an increase of R66 million in indirect taxes, principally in the form of custom duties on higher imports, and an increase of R25 million in the profits of government enterprises and interest and dividend receipts on Government investment, as a result of, *inter alia*, an increase in the current surplus of the South African Railways and Harbours.

Government expenditure on goods and services increased by R98 million or 11.9 per cent during 1964. This increase, which, on a percentage basis, is smaller than the increases registered during the two preceding years, can be ascribed mainly to an increase in defence expenditure, the further effect of the substantial increase in salaries and wages granted to civil and provincial servants during 1963, and to normal expansion of governmental activities. With the increase of R9 million in current transfers to households and R5 million in subsidies, and a decline of R1 million in current transfers to the rest of the world, total current expenditure of public authorities increased by R111 million during 1964, resulting in little change in the current surplus of public authorities, viz. R285 million in 1964 compared with R286 million in 1963.

Gross Capital Formation

Gross capital formation, which increased by R255 million or 22.6 per cent during 1963, increased by a further R263 million or 19.0 per cent in 1964. This increase consisted of a rise of R230 million in fixed capital formation and an addition of R33 million to investment in all types of inventories compared with the previous year. The increase of R230 million or 18.2 per cent in fixed capital formation is remarkable, especially as fixed capital formation had increased by R180 million or 16.6 per cent in 1963. Of the increase of R263 million in total capital formation, R47 million was accounted for by public authorities, R5 million by public corporations and no less than R211 million by private enterprises.

The South African Railways and Harbours, which in the past had mainly been responsible for the substantial fluctuations in the capital expenditure by public authorities, again played a role in the increase of only about 10.9 per cent in the capital expenditure by public authorities in 1964, as the increase in the outlay on capital assets by the South African Railways and Harbours amounted to only R16 million in 1964 compared with R44 million in 1963. Capital expenditure by the general Government increased sharply during 1964 owing to, *inter alia*, substantial increases in the outlays on irrigation works, including the Orange River project, while the expenditure of provincial administrations also increased further because of increased outlays on buildings and roads. Capital investment by local authorities, on the other hand, increased only slightly.

Capital expenditure by public corporations increased by only R5 million in 1964 chiefly because a relatively high level of expenditure had already been reached in 1963 and certain projects were completed during 1964. Taking into consideration long-term projects, which have been announced by Iscor, Sasol and Escom, the capital expenditure by public corporations will probably remain on a relatively high level for a number of years.

Capital outlay on residential buildings reached its highest level ever in 1964, amounting to R28 million or nearly 23 per cent more than the previous peaks in 1955 and 1960. The heavy pressure under which the construction industry operated in 1964 is evident from the fact that the value of building plans passed was 47.1 per

cent higher than the figure for 1963. When interpreting the increase in expenditure on residential buildings, as well as the value of building plans passed, it should be kept in mind that this increase consists of two components, viz., a price and a volume component. Although the number of houses and flats completed increased substantially, building costs also rose appreciably during 1964, resulting in the large increase in the expenditure on residential buildings and the value of building plans passed.

Capital expenditure in agriculture showed little change compared with 1963. At current prices, fixed capital expenditure increased by R2 million, but if provision is made for the increase in prices of building and construction as well as machinery and equipment, real gross capital formation in agriculture actually declined.

A surprising feature of the gross domestic capital formation during 1964 is the appreciable increase in the capital expenditure by mining. The increase of R20 million in fixed capital expenditure must be ascribed to the combination of an increase in the expenditure by developing mines and enhanced expenditure by producing mines in order to increase their production. A rise in the value of diamond stocks was responsible for the largest part of the increase in mine inventories.

An extraordinary expansion in the production capacity of manufacturing to cope with the rapidly increasing domestic demand for goods, occurred in 1964. Fixed capital outlay by manufacturing increased by as much as R86 million or approximately 40.8 per cent during 1964, compared with R33 million or 18.5 per cent in 1963. As a large number of concerns are committed to substantial expansions and a great number of new projects for the near future have been announced, a further increase in this type of expenditure by manufacturing is not impossible in the current year. To keep pace with the expansion in production, net investment in inventories by manufacturing also increased by R46 million.

As a result of the general expansion in economic activity in the economy fixed capital expenditure by commerce, private transport and finance, etc., also increased by R27 million or 19.1 per cent during 1964. In contrast with the increase of R32 million during 1963, net investment in inventories declined by R32 million in 1964, which is the net result of an increase of about R2 million in general commercial inventories and a decline of about R34 million in agricultural inventories, particularly maize stocks, held by commerce.

Although the increase in fixed capital formation from about the middle of 1963 was welcomed at the time, its continued rise may be regarded as one of the main causes of the excessive pressure of demand on the available goods and services. To alleviate the pressure on the construction industry, selective building control has been instituted, while the rapid increase in the purchase of machinery and equipment is one of the main causes of the big increase in imports and the concomitant deterioration in the current account of the balance of payments. Gross domestic capital formation as a percentage of gross national product, which amounted to only 18.5 per cent in 1962, increased to no less than 22.3 per cent in 1964, while net capital formation as a percentage of net national product at market prices increased from 10.3 per cent in 1962 to 14.9 per cent in 1964.

Gross Domestic Saving

Gross domestic saving increased from R1,530 million in 1963 to R1,589 million in 1964. Gross domestic capital formation, on the other hand, increased from R1,382 million in 1963 to R1,645 million in 1964 so that the R148 million surplus funds in 1963 was converted into a deficit of R56 million in 1964. While the country could make an addition to its gold and foreign exchange reserves and effect a decrease in its net foreign liabilities in 1963, net foreign liabilities were reduced by R49 million in 1964, but only at the expense of a decline of R89 million in the gold and foreign exchange reserves.

The increase of R59 million in gross domestic saving was the net result of increases of R106 million in corporate saving and R48 million in provision for depreciation, and declines of R94 million in personal saving and R1 million in the current surplus of public authorities. The decrease in personal saving was the counterpart of the substantial increase in personal consumption expenditure.

Summary:

1. For the third year in succession, the gross national product increased sharply during 1964. As in 1963, private consumption expenditure and gross domestic capital formation were mainly responsible for the increase in gross national product during 1964.
2. The real gross national product rose by 7.0, 7.5 and 6.6 per cent during 1962, 1963 and 1964, respectively, while the real gross domestic product increased by 6.2, 8.1 and 5.8 per cent during these years.
3. During 1964, nearly 80 per cent of the *increase* in the national income accrued to persons compared with only 67 per cent in 1963. Direct tax payments by corporations, which increased by R137 million in 1963, declined by R10 million in 1964, while corporate saving rose by R106 million during 1964.
4. Total disposable income of persons increased by R458 million in 1964 compared with only R276 million in 1963. Private consumption expenditure, on the other hand, increased by R552 million with the result that personal saving declined by R94 million.
5. Due to a further increase in current income, and a moderate increase in current expenditure of public authorities, the current surplus of public authorities remained approximately constant on the high level of 1963.
6. Gross domestic capital formation, and in particular fixed capital formation, increased strongly during 1964. As a percentage of gross national product, it increased from 18.5 per cent in 1962 to 22.3 per cent in 1964.
7. For the first time in six years, gross domestic saving was insufficient to finance gross domestic capital formation. The deficit had to be met out of South Africa's gold and foreign exchange reserves.

DIE KAPITAALBEWEGINGS IN DIE SUID-AFRIKAANSE BETALINGSBALANS VIR DIE JARE 1956 TOT 1964

deur C. L. STALS

INLEIDING

Alhoewel die betalingsbalanssyfers wat amptelik deur die Reserwebank opgestel word tot sover as 1946 teruggaan, is besonderhede van die verskillende poste op die kapitaalrekening eers vanaf 1956 beskikbaar. Tot in daardie jaar is private kapitaalbewegings as 'n respos in die betalingsbalansramings verkry en het dit dus ook alle weglatings en foute in die berekenings ingesluit. Gedurende 1957 het die Reserwebank 'n sensusopname gemaak van al Suid-Afrika se buitelandse laste en bates soos aan die einde van 1955 en 1956¹. Op grond van hierdie opname is die kapitaalbewegings vir 1956 bepaal². Die syfers vir daaropvolgende jare is op jaarlikse en kwartaallikse steekproefopnames van buitelandse laste en bates gebaseer. Besonderhede van die kapitaalbewegings verskyn vir die jare 1956 tot 1964 in tabelle XXXIIIB en XXXIIIC van hierdie *Kwartaalblad*. Dit is die doel van hierdie artikel om die betekenis en belangrikheid van die gevrees in hierdie twee tabelle verder toe te lig en te ontleed.

1) Die finale resultate van hierdie sensus is gepubliseer as 'n bylaag tot die Reserwebank se *Statistiese Kwartaalblad* van Desember 1958.

2) Die kapitaalbewegings in die betalingsbalans ontstaan normaalweg uit veranderings wat plaasvind in die buitelandse laste of bates van Suid-Afrikaanse inwoners. 'n Toename in die buitelandse las van enige inwoner van Suid-Afrika gaan gepaard met 'n kapitaalinvloeiing in Suid-Afrika se betalingsbalans, terwyl 'n afname in 'n buitelandse las met 'n kapitaaluivloeiing saamval. 'n Toename in die buitelandse bates van 'n inwoner van Suid-Afrika gaan gepaard met 'n kapitaaluivloeiing, terwyl 'n afname in 'n buitelandse bate met 'n kapitaalinvloeiing saamval. Deur die buitelandse laste en bates van Suid-Afrikaanse inwoners op verskillende datums te meet, kan die netto kapitaalbewegings tussen die twee datums dus bepaal word uit die veranderings in die laste en bates. Hierdie metode van meting van die kapitaalbewegings bring mee dat slegs die netto veranderings in buitelandse laste of bates gedurende die betalingsbalansperiodes gemeet word. Indien een onderneming bv. gedurende 'n besondere periode 'n nuwe lening in die buiteland verkry terwyl 'n ander onderneming gedurende dieselfde periode 'n lening van dieselfde grootte aflos, sal die netto kapitaalbeweging nul wees. Kapitaalin- en uitvloeiinge wat die buitelandse laste of bates van Suid-Afrikaanse inwoners, wat in dieselfde sektor geklassifiseer word, gedurende 'n bepaalde periode verander, word dus in die betalingsbalans van daardie periode teen mekaar verrek en net die netto resultaat word getoon. Nie alle veranderings in buitelandse laste en bates word

OORSIG VAN DIE TOTALE KAPITAALBEWEGINGS

Vir die doeleindes van hierdie artikel word die poste op die kapitaalrekening van die Suid-Afrikaanse betalingsbalans in die eerste plek onder drie hoofklasse saamgevat, nl. *offisiële kapitaalbewegings* waardeur die buitelandse laste en bates van die Suid-Afrikaanse offisiële en banksektor³ geraak word, *private kapitaalbewegings* waardeur die buitelandse laste en bates van die Suid-Afrikaanse private sektor geraak word, en veranderings in die land se *goud- en buitelandse valutareserves*⁴. Hierdie lg. veranderings dui die netto resultaat aan van al die ander poste op die betalingsbalans gedurende 'n gegeue periode en word nie in die besonder in hierdie artikel bespreek nie.

Omdat die berekening van die syfers vir private kapitaalbewegings op steekproefopnames gebaseer word, word die weglatings en foute in die betalingsbalansramings dikwels vir ontledingsdoelendes ook onder die kapitaalbewegings ingesluit. Dit word gedoen onder die aanname dat hierdie respos uit private kapitaalbewegings bestaan wat nie onder die steekproefopnames gedek word nie. Alhoewel hierdie aanname weens onbekende foute in die ander betalingsbalansposte nie altyd korrek mag wees nie, word die weglatings en foute in die betalingsbalansramings vir 1956-1964 in Tabel 1 hieronder nogtans by die private- en offisiële kapitaalbewegings bygetel om die totale kapitaalbewegings in Suid Afrika se betalingsbalans gedurende hierdie periode te bereken.

Uit tabel 1 blyk dit dat daar in die tydperk 1956 tot 1964 slegs gedurende 1956 en 1958 in totaal 'n netto invloeiing van kapitaal vanaf die buiteland na Suid-Afrika voorgekom het, terwyl

egter as kapitaalbewegings in die betalingsbalans aangeteken nie. Die verband tussen 'n staat van buitelandse laste en bates en die betalingsbalans is volledig bespreek in 'n artikel in hierdie *Kwartaalblad* van Desember 1964: *Veranderings in die buitelandse laste en bates van Suid-Afrika gedurende 1963* deur C. L. Stals en D. J. Uys.

- 3) Vir hierdie doel bestaan die Suid-Afrikaanse offisiële sektor uit die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die handelsbanke en die sentrale Regering. Die private sektor sluit alle ander Suid-Afrikaanse instellings en organisasies asook individue in.
- 4) Die verandering in die land se goud- en buitelandse valutareserves word bereken as die totale verandering gedurende gegeue periodes in die goudbesit van die Reserwebank en die handelsbanke plus sekere ander buitelandse bates van die Reserwebank, die handelsbanke en die sentrale Regering.

Tabel 1. Samevatting van Suid-Afrika se betalingsbalans vir die jare 1956 tot 1964.
(R miljoene)

Poste (netto)	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
<i>Totaal lopende rekening</i>	—	-11	-153	166	21	203	308	148	-56
<i>Kapitaalbewegings†:</i>									
Offisiële kapitaalbewegings	—	-21	79	-32	12	-13	-56	13	8
Private kapitaalbewegings	24	-61	59	-39	-152	-65	-75	-97	-57
Weglatings en foute	-1	-10	24	-15	-13	-18	11	23	16
Totale kapitaalbewegings	23	-50	162	-86	-153	-96	-120	-61	-33
<i>Verandering in goud en buitelandse valuta*</i>	-23	61	-9	-80	-132	-107	-188	-87	-89

† Uitvloei = -; invloei +

daar gedurende elk van die ander sewe jare 'n netto uitvloeiing van kapitaal plaasgevind het. Die grootste jaarlike netto invloeiing van kapitaal het gedurende 1958 voorgekom toe R162 miljoen die land binnekombok het, terwyl die grootste jaarlike netto uitvloeiing gedurende 1960 voorgekom het toe R153 miljoen die land verlaat het. Word die periode van nege jaar in geheel geneem, het daar 'n totale netto kapitaaluitvloeiing van R414 miljoen voorgekom.

As die kapitaalbewegings in verband gebring word met die ander poste op die betalingsbalans is dit opvallend dat die grootste jaarlike netto *invloeiing* van kapitaal saamgeval het met die grootste jaarlike *tekort* op die lopende rekening terwyl die jaar waarin die netto *uitvloeiing* van kapitaal die tweede hoogste was, naamlik R120 miljoen gedurende 1962, met die jaar van die grootste lopende *oorskot* saamgeval het. Die grootste jaarlike netto kapitaaluitvloeiing, wat gedurende 1960 voorgekom het, kan vir hierdie doel as 'n abnormale verskynsel beskou word wat deur binnelandse politieke onrus en die daaropvolgende vertrouenskrisis veroorsaak is. Word hierdie abnormale jaar buite rekening gelaat skyn daar sedert 1958 'n algemene neiging vir die kapitaalbewegings te wees om te verbeter soos die lopende rekening versleg en omgekeerd. Gevolglik is die jaarlike skommelings in die verandering in die land se goud- en buitelandse valutareserwes kleiner as die skommelings in die totaal van die lopende rekening. Die redes hiervoor kan soos volg saamgevat word:

(i) Die totaal van die lopende rekening en die totale netto kapitaalbewegings is albei groothede wat in 'n belangrike mate beïnvloed en bepaal word deur die toestande in die binnelandse ekonomie. By 'n oplewing in die binnelandse ekonomie neem Suid-Afrika se invoere normaalweg toe sodat die totaal van die lopende rekening versleg. Terselfdertyd vind daar 'n relatiewe vernouing van die binnelandse likwiditeitstoestande plaas sodat bestaande en nuwe Suid-Afrikaanse in-

* Toename = -; afname = +

stellings, wat met buitelandse instellings geassosieer is, vir die finansiering van 'n groter plaaslike belegging in voorrade, groter omset of groter aanleg neig om relatief meer van buitelandse en relatief minder van binnelandse financieringsbronne gebruik te maak. Die oplewing verhoog ook die winsgewendheid van Suid-Afrikaanse ondernemings en moedig sodoende buitelandse belegging aan.

- (ii) Die offisiële kapitaalbewegings word deur owerheidsoptrede doelbewus, sover dit moontlik is, by die toestand van die lopende rekening aangepas. Trekkings op die Internasionale Monetêre Fonds en op sekere ander buitelandse lenings vind byvoorbeeld gewoonlik plaas wanneer die lopende rekening versleg, terwyl terugbetalings plaasvind wanneer die lopende rekening weer verbeter. Vir die periode 1956 tot 1964 het die grootste jaarlike netto *offisiële* kapitaalinvloeiing dan ook in 1958 met die grootste lopende *tekort* saamgeval terwyl die grootste jaarlike netto *offisiële* kapitaaluitvloeiing in 1962 met die grootste lopende *oorskot* saamgeval het.
- (iii) Die valutabeheerregulasies ten opsigte van private kapitaalbewegings is sedert Junie 1961 op so 'n wyse toegepas dat die repatriasie van buitelandse fondse uit Suid-Afrika by die beskikbaarheid van buitelandse valuta, en dus gedeeltelik by die toestand van die lopende rekening, aangepas is.

Ten opsigte van die samestelling van die totale kapitaalbewegings soos saamgevat in tabel 1 kan opgelet word dat die *private* kapitaalbewegings gedurende die jare 1956 tot 1964 'n oorheersende rol gespeel het. As die weglatings en foute by die private kapitaalbewegings ingesluit word het daar oor die nege jaar in totaal 'n netto kapitaaluitvloeiing van R446 miljoen vanaf die Suid-Afri-

kaanse private sektor voorgekom en is daar sedert 1959 nog vir elke jaar 'n netto uitvloeiing aangeteken. Die jaarlikse offisiële kapitaalbewegings het egter heen en weer geskommel en het oor die nege jaar as geheel in totaal 'n netto invloeiing van slegs R32 miljoen bedra.

DIE OFFISIELE KAPITAALBEWEGINGS

Besonderhede van die offisiële kapitaalbewegings en van veranderings in Suid-Afrika se gouden buitelandse valutareserwes word as veranderings in die buitelandse laste en bates van die Suid-Afrikaanse offisiële en banksektor in tabel XXXIIIC van hierdie *Kwartaalblad* weergegee. Hierdie gegewens, met die uitsondering van die veranderings in die land se goud en buitelandse valutareserwes, word in tabel 2 hieronder vir besprekingsdoeleindes in 'n opgesomde vorm saamgevat.

Die langtermyn buitelandse laste van die offisiële sektor bestaan uit langtermyn buitelandse lenings van die sentrale Regering, die Reserwebank en die handelsbanke asook uit buitelandse kapitaalbeleggings in die effekte, aandele of taksaldo's van die Suid-Afrikaanse Regering, die Reserwebank en die handelsbanke. Die Regering het gedurende 1958, 1959 en 1960 netto meer op langtermynlenings in die buitenland getrek as wat hy aan die buitenland terugbetaal het en gedurende hierdie drie jaar het die sentrale Regering se buitenlandse las ten opsigte van langtermynlenings met ongeveer 68 miljoen toegeneem⁵. Nuwe lenings is gedurende hierdie periode verkry van die Internasionale Bank vir Heropbou en Ont-

wikkeling en verskeie Amerikaanse en Switserse bankinstellings terwyl openbare lenings ook in die Verenigde State van Amerika en in die Verenigde Koninkryk uitgeskryf is.

Gedurende die jare 1956 en 1957 en 1961 tot 1964 het die Regering egter elke jaar meer op buitelandse lenings terugbetaal as wat hy op buitelandse lenings getrek het sodat die Regering se buitenlandse las ten opsigte van langtermynlenings gedurende hierdie jare netto met ongeveer R100 miljoen verminder is.⁶ Hierdie aansienlike kapitaaluitvloeiing uit hoofde van terugbetalingen op buitenlandse lenings deur die Regering is moontlik gemaak deur die groot oorskotte wat gedurende 1961, 1962 en 1963 op die lopende rekening van die betalingsbalans voorgekom het. 'n Gedeelte van hierdie kapitaaluitvloeiing het egter ontstaan as gevolg van terugbetalingen op deurlopende krediete en ander lenings waarop later weer getrek kon word.

Die ander langtermyn buitenlandse laste van die sentrale Regering wat nie in tabel XXXIIIC as lenings geklassifiseer is nie, bestaan uit Regerings-effekte wat op die Suid-Afrikaanse register voorkom maar wat deur buitenlanders gehou word. Hierdie laste het gedurende 1959, 1960 en 1961 afgeneem maar het in 1962, 1963 en 1964 weer

5) Soos aangedui in die eerste twee reëls onder die pos „langtermyn laste“ in tabel XXXIIIC.

6) Soos aangedui in die eerste twee reëls onder die pos „langtermyn laste“ in tabel XXXIII C.

Tabel 2 Die netto offisiële kapitaalbewegings† in Suid-Afrika se betalingsbalans vir die jare 1956 tot 1964
(R. miljoene)

Poste	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
<i>Buitelandse laste:</i>									
*Langtermyn	-3.4	7.9	28.8	21.5	11.8	-3.7	-25.6	-13.8	-2.3
Korttermyn	4.7	13.6	39.0	-13.9	10.3	14.7	-11.4	22.9	17.8
Totaal	1.3	21.5	67.8	7.6	22.1	11.0	-37.0	9.1	15.5
<i>Buitelandse bates‡</i>									
Langtermyn	-1.2	—	11.0	-39.7	-0.9	-1.7	-3.6	-0.3	-5.3
Korttermyn	0.2	—	—	—	-9.3	-22.0	-16.0	4.2	-2.9
Totaal	-1.0	—	11.0	-39.7	-10.2	-23.7	-19.6	3.9	-8.2
<i>Groottotaal</i>	0.3	21.5	78.8	-32.1	11.9	-12.7	-56.6	13.0	7.3

† Uitvloei = -; invloei = +.

* Alle kapitaalbewegings met 'n oorspronklike looptyd van langer as twaalf maande word as langtermyn gedefineer en die res as korttermyn.

‡ Daar sal opgelet word, indien die gegewens in tabel 2 met dié in tabel XXXIIIC vergelyk word, dat al die syfers in die geval van die buitenlandse bates in die twee tabelle omgekeerde tekens het. Die rede hiervoor is dat 'n toename in 'n buitenlandse bate in werklikheid 'n kapitaaluitvloeiing beteken en in tabel 2 net soos 'n afname in 'n buitenlandse las met 'n minusteken aangedui word (maar met 'n plus teken in tabel XXXIIIC om die toename in die buitenlandse bate aan te dui) en omgekeerd vir 'n afname in 'n buitenlandse bate.

toegeneem⁷⁾. Die laasgenoende toenames is toe te skryf aan die uitgifte van nie-inwoner-obligasies deur die Regering aan buitelanders wat begerig is om die fondse wat hulle in Suid-Afrikaanse sekuriteite belê het, te repatrieer. Soos hieronder in meer besonderhede aangedui sal word, is daar op 16 Junie, 1961, onder die valutabeheerregulasies bepaal dat buitelanders die fondse wat hulle toekom wanneer Suid-Afrikaanse aandele op die Johannesburgse Effektebeurs aan Suid-Afrikaanse inwoners verkoop word, nie uit Suid-Afrika mag repatrieer nie. Aanvanklik moes hierdie fondse in ander Suid-Afrikaanse sekuriteite belê word of is dit in Suid-Afrika geblokkeer. Gedurende 1962 is verskeie skemas aangekondig waarvolgens hierdie fondse wel gerepatrieer kon word. Een van hierdie skemas (die ander word hieronder bespreek) was dié waarvolgens die opbrengs van sodanige verkoop in spesiale nie-inwoner-obligasies van die Regering belê kon word. Die eerste uitgifte van hierdie spesiale obligasies het gedurende Junie 1962 plaasgevind en was terugbetaalbaar in vyf gelyke jaarlike paaiemente. Die uitgifte het voortgeduur tot in Julie 1963 en 'n totale bedrag van R18 miljoen is deur buitelanders daarin belê.

Gedurende September 1963 is nuwe nie-inwoner-obligasies deur die Regering vir dieselfde doel uitgereik wat in hierdie geval in *drie* gelyke jaarlike paaiemente terugbetaalbaar sou wees. Hierdie uitgifte is in Maart 1964 gesluit en 'n totale bedrag van R26 miljoen is deur buitelanders daarin belê. Sedert Augustus 1964 word nie-inwoner-obligasies op 'n tenderbasis uitgereik en uitgifte is na 'n verloop van vyf jaar teen pari terugbetaalbaar. Tot aan die einde van 1964 is ongeveer R1½ miljoen op hierdie wyse van buitelanders ontvang sodat die totale belegging deur buitelanders in die spesiale nie-inwoner-obligasies gedurende 1962, 1963 en 1964 ongeveer R45 miljoen bedra het. Ongeveer R10 miljoen is teen die einde van 1964 reeds aan die buitelandse besitters van hierdie effekte terugbetaal.

Afhoewel buitelanders se beleggings in die nie-inwoner-obligasies nie nuwe kapitaal verteenwoordig wat vanaf die buiteland in Suid-Afrika belê word nie, maar slegs 'n omskakeling is van fondse wat voorheen in ander Suid-Afrikaanse sekuriteite belê was, word dit tog in die betalingsbalans as 'n kapitaalinvloeiing na die offisiële sektor en as 'n kapitaaluitvloeiing vanaf die private sektor aangedui en wel om die volgende redes:

- (i) Die buitelandse fondse word wel vanaf die Suid-Afrikaanse private sektor onttrek en dan weer in die Suid-Afrikaanse offisiële sektor herbelê. Dit bring nie alleen 'n verskuwing van fondse tussen die twee sektore

7) Soos aangedui in die eerste twee reëls onder die pos „langtermyn laste“ in tabel XXXIII C.

mee nie maar verander ook die aard van Suid-Afrika se buitelandse laste heeltemal. 'n Las ten opsigte van aandele in 'n maatskappy in die private sektor sonder enige kontrakuele terugbetaalings- of renteverpligtings, verskuif na 'n lening van die sentrale Regering waarop rente betaalbaar is en wat op 'n vasgestelde datum afgelos moet word.

- (ii) Indien hierdie transaksies heeltemal uit die betalingsbalans weggelaat sou moes word, sou dit nodig wees om dit orals afsonderlik te identifiseer. So byvoorbeeld sou verkope deur buitelanders op die Johannesburgse Effektebeurs verdeel moes word tussen dié waarvan die opbrengs in nie-inwoner-obligasies belê gaan word en ander. Sodra fyner ontledings van die betalingsbalanstransaksies gemaak moet word, byvoorbeeld ten opsigte van die lande waarvan die buitelandse verkopers inwoners is, word so 'n verdeling prakties moeilik uitvoerbaar.

Dit kan in tabel XXXIII C van die *Kwartaalblad* gesien word dat die Reserwebank se langtermyn buitelandse laste slegs gedurende 1962, 1963 en 1964 noemenswaardige veranderings ondergaan het. Gedurende 1962 het die Reserwebank naamlik die verpligting gedra ten opsigte van 'n trekking van ongeveer R7 miljoen op die deurlopende kredietfasilitete wat deur 'n groep Amerikaanse banke aan Suid-Afrika beskikbaar gestel is. Gedurende 1963 is die lening terugbetaal en gedurende die laaste kwartaal van 1964 het die Reserwebank weer op hierdie lening getrek.

Die langtermyn buitelandse laste van die Suid-Afrikaanse handelsbanke het gedurende die nege jaar onder bespreking in totaal 'n netto toename van R25.6 miljoen ondergaan. Dit weerspieël in hoofsaak nuwe beleggings deur oorsese beherende maatskappye in hulle Suid-Afrikaanse handelsbankfiliale ten einde die langtermyn groei van hierdie instellings te finansier.

Die korttermyn buitelandse laste van die offisiële sektor sluit in die eerste plek belangrike kapitaalbewegings in wat ontstaan uit verandering in Suid-Afrika se korttermynverpligtings teenoor die Internasionale Monetêre Fonds. Die Suid-Afrikaanse Regering het gedurende 1958 R25.9 miljoen op Suid-Afrika se trekkingsfasilitete by die I.M.F. geleent en dit weer gedurende 1959 terugbetaal. Die trekking het plaasgevind as gevolg van die aansienlike tekort wat die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende 1958 getoon het en is weer gedurende 1959 terugbetaal toe 'n aansienlike lopende oorskot voorgekom het. Gedurende 1960 en 1961 het die Reserwebank weer van hierdie fasilitete gebruik gemaak en in totaal R26.8 miljoen by die Fonds geleent wat weer gedurende 1962 ten volle terugbetaal is. Anders

as gedurende 1958 het Suid-Afrika se lopende rekening nie gedurende 1960 en 1961 'n tekort getoon nie. Hierdie trekking is egter genoodsaak deur die aansienlike uitvloeiing van buitelandse kapitaal uit Suid-Afrika wat gedurende hierdie periode voorgekom het.

'n Ander belangrike verandering in Suid-Afrika se korttermynverpligtings teenoor die Internasionale Monetêre Fonds het gedurende 1959 plaasgevind toe Suid-Afrika se kwota in die I.M.F. met R35.7 miljoen tot R107.1 miljoen verhoog is. Suid-Afrika moes 25 persent van die toename in die kwota, of R9.2 miljoen, in goud aan die I.M.F. oordra terwyl die ander 75 persent, dit wil sê R26.5 miljoen, die toename in Suid-Afrika se verpligting in Suid-Afrikaanse valuta aan die I.M.F. verteenwoordig.

Die „Ander“ korttermyn buitelandse laste van die Regering, wat in sommige jare belangrike veranderings ondergaan het, bestaan hoofsaaklik uit handelskrediete wat uit buitelandse handelstransaksies van Regeringsdepartemente ontstaan.

Die Reserwebank het gedurende die periode 1957 tot 1961 verskeie trekkings en terugbetalings op 'n korttermynlening, wat van 'n internasionale bankinstelling verkry is, gedoen. Die lening, wat R14.3 miljoen in totaal bedra het, is gedurende 1961 ten volle terugbetaal.

Die laaste syfer, wat onder die korttermyn buitelandse laste van die offisiële sektor van betekenis is, is dié ten opsigte van die handelsbanke. Dit bestaan hoofsaaklik uit buitelandse deposito's by Suid-Afrikaanse handelsbanke en het in totaal vanaf 1956 tot 1964 met R7.6 miljoen toegeneem. Dit sal egter in tabel XXXIIIC opgelet word dat hierdie totale laste in sommige jare toegeneem het en in ander jare weer afgeneem het.

Die langtermyn buitelandse bates van die offisiële sektor het min groot veranderings gedurende die periode 1956 tot 1964 ondergaan. Die belangrikste verandering het gedurende 1959 plaasgevind toe Suid-Afrika se subskripsie in die Internasionale Monetêre Fonds met R35.7 miljoen verhoog is. Suid-Afrika se subskripsiebetalings aan die Internasionale Finansie Korporasie gedurende 1957 en aan die Internasionale Ontwikkelingsgenootskap gedurende die jare 1960 tot 1964 word ook in tabel XXXIIIC as toenames in die buitelandse bates van die Regering aangedui. Daarby het die Regering gedurende 1958 'n buitelandse delgingsfonds ter waarde van R10 miljoen afgelos.

Die langtermyn buitelandse bates van die Reserwebank en die handelsbanke het in totaal gedurende die nege jaar onder bespreking min belangrike veranderings ondergaan.

Die korttermyn buitelandse bates van die offisiële sektor, wat nie deel uitmaak van die land se offisiële goud- en buitelandse valutareserves nie, ontstaan uit vooruitbetalings ten opsigte van buitelandse handelstransaksies van Regeringsdepartemente.

DIE PRIVATE KAPITAALBEWEGINGS

Besonderhede van die private kapitaalbewegings word as veranderings in die buitelandse laste en bates van die Suid-Afrikaanse private sektor in tabel XXXIIIB van hierdie *Kwartaalblad* weergegee. Hierdie gegevens word in tabel 3 hieronder vir besprekingsdoeleindes in 'n opgesomde vorm saamgevat. Die weglatings en foute in die betalingsbalans word, in ooreenstemming met die verduideliking hierbo verstrek, by die gegevens van tabel XXXIIIB in tabel 3 bygetel om die totale private kapitaalbewegings te verkry.

Tabel 3.* Die netto private kapitaalbewegings in Suid-Afrika se betalingsbalans vir die jare 1956 tot 1964
(R miljoene)

Poste	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
<i>Buitelandse laste:</i>									
Langtermyn	35	-19	38	-11	-105	-28	-58	-124	-38
Korttermyn	27	-14	47	4	-12	-4	-3	35	-13
Totaal	62	-33	85	-7	-117	-32	-61	-89	-51
<i>Buitelandse bates:</i>									
Langtermyn	-36	-27	-23	-30	-24	-12	-24	-12	12
Korttermyn	-2	-1	-3	-2	-11	-21	10	4	-18
Totaal	-38	-28	-26	-32	-35	-33	-14	-8	-6
<i>Totaal: Geïdentifiseerde kapitaalbewegings</i>									
	24	-61	59	-39	-152	-65	-75	-97	-57
<i>Weglatings en foute</i>	-1	-10	24	-15	-13	-18	11	23	16
<i>Groottotaal</i>	23	-71	83	-54	-165	-83	-64	-74	-41

* Die voetnotas van tabel 2 is ook op hierdie tabel van toepassing.

Dit is reeds vroeër genoem dat daar gedurende die nege jaar 1956 tot 1964 'n netto kapitaaluitvloeiing na die buiteland ten bedrae van R446 miljoen vanaf die Suid-Afrikaanse private sektor voorgekom het⁸. Uit tabel 3 kan afgelei word dat R243 miljoen van hierdie bedrag die Suid-Afrikaanse private sektor se buitelandse laste verminder het terwyl R220 miljoen die buitelandse bates van die private sektor verhoog het. Weglatings en foute was verantwoordelik vir 'n netto invloeiing van R17 miljoen oor die periode.

Die langtermyn buitelandse laste van die private sektor was verantwoordelik vir 'n aansienlike kapitaaluitvloeiing. In hierdie verband is dit egter van besondere betekenis om die drie tipes langtermynlaste, wat in tabel XXXIII B van mekaar onderskei word, elk afsonderlik te beskou. Daar sal dan opgemerk word dat *regstreekse buitelandse belegging*⁹ in Suid-Afrika gedurende die jare 1956 tot 1964 in totaal met 'n netto bedrag van R101 miljoen toegeneem het, terwyl *onregstreekse buitelandse belegging* met R54 miljoen afgeneem het en *effektebeurstransaksies*, wat grotendeels uit onregstreekse belegging bestaan, vir 'n netto kapitaaluitvloeiing ten bedrae van R357 miljoen verantwoordelik was. Effektebeurstransaksies, waardeur buitelanders aandele in Suid-Afrikaanse ondernemings op die Johannesburgse Effektebeurs aan Suid-Afrikaanse inwoners verkoop, het dus die grootste bydrae tot die repatriasie van buitelandse fondse vanaf die Suid-Afrikaanse private sektor gelewer.

Alhoewel daar gedurende elk van die jare 1956 tot 1959 'n netto uitvloeiing van kapitaal deur effektebeurstransaksies voorgekom het, was dit veral gedurende 1960 en die eerste helfte van 1961 dat hierdie kapitaaluitvloeiing groot afmetings begin aanneem het. Ten spyte van 'n gesondesposisie in die lopende rekening van die betalings-

8) Hierdie svfer sluit nie die veranderings in wat in buitelandse laste en bates ontstaan as gevolg van herbelegde winste nie. Dit is in sommige lande die gebruik om 'n proporsionele gedeelte van die herbelegde winste van buitelandbeheerde ondernemings as inkomste op belegging in die lopende rekening van die betalingsbalans na die buiteland toe uit te wys en dit dan weer as 'n kapitaalinvloei in die kapitaalrekening aan te dui. Die herbelegde winste van ondernemings in die buiteland, wat vanaf die betrokke land beheer word, sal dan as 'n ontvangste in die lopende rekening verskyn en as 'n kapitaalinvloei in die kapitaalrekening. Hierdie herbelegde winste is egter nie in Suid-Afrika se betalingsbalans ingesluit nie. Netso sou dit die oorskot op die lopende rekening kleiner gemaak het (of teukte groter) en die kapitaalinvloei groter (of -uitvloei kleiner).

9) Regstreekse buitelandse belegging verwys, in die geval van buitelandse laste, na die belegging van buitelanders in ondernemings in Suid-Afrika waarin buitelanders 'n beherende belang het.

balans het Suid-Afrika se goud- en buitelandse valutareserwes gedurende hierdie periode dan ook aansienlik afgeneem en aan die einde van Mei 1961 het dit slegs R175 miljoen bedra, vergeleke met R328 miljoen aan die einde van 1959. In die lig van hierdie skerp daling en die gelykydig gunstige lopende rekening van die betalingsbalans is daar op 16 Junie 1961 bepaal dat buitelanders nie die opbrengs wat verkry word uit die verkoop van Suid-Afrikaanse aandele aan Suid-Afrikaanse inwoners uit Suid-Afrika mag repatrieer nie. Die fondse is by Suid-Afrikaanse gemagtigde valuta-handelaars geblokkeer en kon slegs vir herbelegging in Suid-Afrikaanse sekuriteite aangewend word. Hierdie maatreël het die gewenste uitwerking gehad en die land se goud- en buitelandse valutareserwes het onmiddellik weer begin styg om 'n jaar later op 30 June 1962 op R428 miljoen te staan te kom.

Deur hierdie maatreël is die verband wat daar tussen die Johannesburgse en Londense Effektebeurse bestaan het, afgesny. Pryse van Suid-Afrikaanse aandele was op die Londense Effektebeurs sedertdien in die algemeen nog altyd laer as die pryse van dieselfde effekte op die Johannesburgse Effektebeurs. Hierdie „prysgaping“ was soms rofweg so groot soos 25 persent maar het tens wegafgeneem tot slegs sowat 6 persent.

Soos die land se goud- en buitelandse valutareserwes verbeter het, is die volgende belangrike skemas in werking gestel waardeur die repatriasie van buitelandse fondse deur effektebeurstransaksies weer kon plaasvind:

- (i) Gedurende Junie 1962 is die eerste spesiale *nie-inwoner-obligasies* aan nie-inwoners uitgereik. Hierdie skema is reeds onder die offisiële kapitaalbewegings hierbo bespreek.
- (ii) Gedurende Junie 1962 is daar ook vir die eerste keer toekennings onder die *permitskema van valutabeheerverslapping* gedoen. Volgens hierdie skema is daar van tyd tot tyd aan sekere goedgekeurde Suid-Afrikaanse instellings buitelandse valuta toegestaan om Suid-Afrikaanse effekte, wat „skaars“ was op die Johannesburgse Effektebeurs, op die Londense Effektebeurs aan te koop. 'n Gedeelte van die verskil tussen die Johannesburgse en Londense pryse moes deur die Suid-Afrikaanse kopers aan die Suid-Afrikaanse Regering oorbetaal word. Verskeie gevalle het ook onder hierdie skema voorgekom waardeur Suid-Afrikaanse instellings die beherende belang in ondernemings in Suid-Afrika van oorsese beleggers oorgeneem het. Toekennings onder hierdie permitskema is gedurende Oktober 1964 opgeskort en die totale toekennings onder dié skema, waarvan gebruik gemaak is, het R67 miljoen bedra.

(iii) Gedurende September 1962 is die eerste sterlingtoekennings onder die *arbitrageskema van valutabeheerverslapping* gedoen. Volgens hierdie skema is daar van tyd tot tyd sterlingbedrae aan Suid-Afrikaanse makelaars toegestaan waarmee hulle Suid-Afrikaanse aandele van buitelanders kon terugkoop. Net soos in die geval van die permitskema moes die Suid-Afrikaanse kopers van die effekte 'n gedeelte van die verskil tussen die Londense en Johannesburgse pryse van die effekte aan die Suid-Afrikaanse Regering oorbetaal. Die skema is gedurende Augustus 1964 gestaak en totale toekennings, waarvan gebruik gemaak is, het R79 miljoen bedra.

Die kapitaaluitvloeiing uit hoofde van effektebeurstransaksies soos aangedui in tabel XXXIII B kan nou in die lig van die bestaande skemas beter verduidelik word. Daar is gedurende 1960 naamlik 'n hoogtepunt van R77 miljoen bereik voordat die beheermaatreëls ingestel is. Gedurende 1961 neem die syfer af na R33 miljoen wat hoofsaaklik in die eerste helfte van die jaar gekonsentreerd was. Gedurende 1962 word die verskillende skemas, wat hierbo genoem is, in werking gestel en die kapitaaluitvloeiing uit effektebeurstransaksies neem toe tot R49 miljoen. Gedurende 1963 bly die skemas almal in werking en 'n rekord kapitaaluitvloeiing van R89 miljoen vind deur die effektebeurstransaksies plaas. Gedurende 1964 word sommige van die skemas weer afgetakel en die uitvloeiing neem af na R43 miljoen.

Die korttermyn buitelandse laste van die private sektor het van jaar tot jaar heelwat heen-en-weer beweeg. 'n Belangrike gedeelte van hierdie buitelandse laste bestaan uit handelskrediete wat met Suid-Afrika se buitelandse handel verband hou. Alhoewel daar geen duidelike patroon in hierdie bewegings is nie, het die korttermyn buitelandse laste van die Suid-Afrikaanse private sektor gedurende die nege jaar 1956 tot 1964 met 'n netto bedrag van R67 miljoen toegeneem.

Die langtermyn buitelandse bates van die private sektor het sedert 1956 'n taamlike konstante jaarlikse stygging getoon en het gedurende die periode 1956 tot 1964 met 'n totale netto bedrag van R176 miljoen toegeneem. Dit blyk uit tabel XXXIII B dat regstreekse belegging¹⁰ vir die grootste gedeelte van die netto uitvloeiing verantwoordelik was. Suid-Afrika se langtermyn regstreekse buite'andse beleggings het gedurende die periode naamlik netto met R122 miljoen toegeneem, terwyl die netto onregstreekse belegging, soos

byvoorbeeld lenings aan buitelandse ondernemings wat nie deur Suid-Afrikaners beheer word nie, R44 miljoen bedra het en *effektebeurstransaksies*, waardeur Suid-Afrikaanse inwoners buitelandse aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is van buitelanders aankoop, in hierdie geval vir 'n netto kapitaaluitvloeiing van R10 miljoen verantwoordelik was. Dit blyk dat die normale uitbreiding van Suid-Afrika se buitelandse handel en van die aktiwiteite van buitelandse filiale van Suid-Afrikaanse ondernemings nuwe langtermyn beleggings uit Suid-Afrika van gemiddeld ongeveer R20 miljoen per jaar vereis.

Die korttermyn buitelandse bates van die private sektor het geen noemenswaardige veranderings ondergaan nie. Ook in hierdie geval speel handelskrediete 'n belangrike rol. In totaal het die korttermyn buitelandse bates van die private sektor gedurende die nege jaar van 1956 tot 1964 netto met sowat R44 miljoen toegeneem alhoewel dit in sommige jare netto ook afgeneem het.

OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

- (i) Gedurende die nege jaar 1956 tot 1964 het daar in totaal 'n netto kapitaaluitvloeiing ten bedrae van R414 miljoen in Suid-Afrika se betalingsbalans voorgekom. Hierdie totale uitvloeiing is die netto resultaat van 'n kapitaalinvloeiing ten bedrae van R32 miljoen na die Suid-Afrikaanse offisiële sektor en 'n kapitaaluitvloeiing ten bedrae van R446 miljoen vanaf die Suid-Afrikaanse private sektor.
- (ii) Die totale kapitaalbewegings het gedurende hierdie periode gewoonlik in Suid-Afrika se guns verander as die lopende rekening van die betalingsbalans versleg het. Die verbetering het sowel in die offisiële as in die private kapitaalbewegings voorgekom en is gedeeltelik aan doelbewuste optrede van die monetêre autoriteite toe te skryf maar is gedeeltelik ook outonom van aard.
- (iii) Die Suid-Afrikaanse Regering het gedurende die jare 1958, 1959 en 1960 netto meer op buitelandse lenings getrek as wat hy daarop terugbetaal het, maar het in die jare 1956, 1957 en 1961 tot 1964 jaarliks meer op buitelandse lenings afbetaal as wat daarop getrek is, sodat die Regering se buitelandse las ten opsigte van langtermynlenings gedurende die periode met ongeveer R32 miljoen verminder is. Gedurende 1962, 1963 en 1964 het die Regering egter spesiale nie-inwoner-obligasies ten bedrae van R45 miljoen aan buitelanders uitgereik waarvan sowat R10 miljoen teen die einde van 1964 weer afgelos is. In totaal het die Regering se langtermynverpligtings teenoor buitelanders gedurende die periode dus min verander.

10) Regstreekse belegging verwys, in die geval van buitelandse bates, na die belegging van Suid-Afrikaanse inwoners in onderneming in die buitenland waarin Suid-Afrikaners 'n beherende belang het.

- (iv) Die Suid-Afrikaanse private sektor het gedurende die nege jaar 1956 tot 1964 netto terugbetalings ten bedrae van R243 miljoen op sy buitelandse skuld gedoen en self netto nuwe beleggings ter waarde van R220 miljoen in die buiteland gemaak. Weglatings en foute in die betalingsbalansramings dui egter daarop dat die private sektor 'n ongeïdentifiseerde kapitaalinvloeiing ter waarde van R17 miljoen gedurende die periode van die buiteland af ontvang het sodat daar in totaal 'n netto kapitaalbedrag van R446 miljoen vanaf die Suid-Afrikaanse private sektor na die buiteland gevloeи het.
- (v) Die aansienlike netto aflossing van buitelandse verpligtings (waarby herbelegde winste deur buitelanders nie in berekening gebring is nie) het plaasgevind ten spyte daarvan dat buitelanders gedurende die periode netto nuwe beleggings ter waarde van R101 miljoen in Suid-Afrikaanse ondernemings, wat deur

hulle beheer word, gemaak het. Daar het dus 'n aansienlike onttrekking van onregstreekse buitelandse beleggings uit Suid-Afrika plaasgevind, veral deurdat buitelanders Suid-Afrikaanse aandele, wat voorheen deur hulle gehou is, op die Johannesburgse of Londense Effektebeurs aan Suid-Afrikaanse inwoners verkoop het. Op hierdie laasgenoemde wyse is daar gedurende die nege jaar 1956 tot 1964 netto R357 miljoen aan buitelandse fondse vanaf die Suid-Afrikaanse private sektor onttrek.

- (vi) Ten einde die normale uitbreiding van ondernemings in die buiteland, wat vanaf Suid-Afrika beheer word, te finansier en Suid-Afrika se buitelandse handel verder te ontwikkel, het die Suid-Afrikaanse private sektor gedurende die periode 1956 tot 1964 gemiddeld jaarliks ongeveer R20 miljoen nuwe langtermyn beleggings gemaak.